20/06/2018 33/2018

| WYSIGING VAN WES-KAAP PROVINSIALE ONDERWYS-WETGEWING | AMENDMENT OF WESTERN CAPE PROVINCIAL EDUCATION LAW |
|---|---|
| Die Provinsiale Minister van onderwys, me Debbie Schäfer het aangekondig dat sy sekere veranderinge aan die Wes-Kaap Provinsiale Skoolonderwys wetgewing wil aanbring. Klik op die onderstaande skakel vir die volledige Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswetsontwerp op Skool-onderwys om al die voorgestelde veranderinge te sien.<br><br>Een van die grootste veranderinge wat voorgestel word, is die stigting van 'n onafhanklike skoolevalueringsgesag wat in opdrag van die Provinsiale Minister, skole en klaskamers kan besoek. Hierdie eenheid sal direk terugvoer aan die Provinsiale Minister gee.<br><br>Die SAOU is uiters bekommerd oor hierdie voorgestelde wetswysiging aangesien dit inbreuk maak op die terrein van die WKOD en die Skoolbeheerliggaam se pligte en verant-woordelikhede.<br><br>Ons wil dus ons lede aanmoedig om die voorgestelde wetswysigings te bestudeer en die impak daarvan met die skoolbeheerliggaam te bespreek. | The Provincial Minister of Education, Ms Debbie Schäfer, announced that she would be proposing certain changes to the Western Cape Provincial School Education Act. Click on the link below for the complete Western Cape Provincial Schools Amendment Bill to see all of the proposed changes.<br><br>One of the biggest changes proposed, is the establishment of an independent school evaluation authority, commissioned by the Provincial Minister, to visit schools and classrooms. This unit will give direct feedback to the Provincial Minister.<br><br>The SAOU is extremely concerned about this proposed amendment as it infringes on the duties and responsibilities of the WCED and the School Governing Body.<br><br>We, therefore, want to encourage our members to study the proposed changes to the legislation and to discuss their impact with the school governing body. |

| Afrikaans | English |
| --- | --- |
| Die publiek word nou uitgenooi om kommentaar te lewer op die voorgestelde wetswysigings. Dit kan gedoen word deur middel van openbare vergaderings of geskrewe kommentaar. Klik op die onderstaande skakel om die program vir die openbare vergaderinge te sien.<br><br>Geskrewe kommentaar kan gestuur word na Wasiema.HassenMoosa@wcpp.gov.za<br><br>Die sperdatum vir geskrewe kommentaar is **24 Augustus 2018.** | The public is now invited to comment on the proposed amendments. This can be done through public meetings or written comments. The link below can be used to view the public meeting programme.<br><br>Written comments can be sent to Wasiema.HassenMoosa@wcpp.gov.za<br><br>The deadline for written comments is **24 August 2018**. |

**Program**
**Programme**

**WKP Wysigingswetsontwerp op Skoolonderwys**
**WCP Schools Amendment Bill**

*Volg ons op Facebook Follow us on Facebook*
*SAOU Wes-Kaap*